higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N6

21 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 A
1.3 C
1.4 A
1.5 B
1.6 C
1.7 A
1.8 A
1.9 B
1.10 C

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 C
2.2 H
2.3 F
2.4 A
2.5 N
2.6 B
2.7 D
2.8 M
2.9 J
2.10 G
2.11 O
2.12 K
2.13 L
2.14 E
2.15 I

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 3

3.1 Waar
3.2 Onwaar
3.3 Waar
3.4 Onwaar
3.5 Waar
3.6 Waar
3.7 Onwaar
3.8 Waar
3.9 Waar
3.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1
- Sand is ‘n oop medium. Sandspel stel geen eise aan die kind nie.
- Bied geleenthede om te ontdek en te verken.
- Laat die kind toe om van stres en angstigheid ontslae te raak.
- Verskille en ooreenkomste word deur spel ontdek.
- Wiskundige konsepte word ontwikkel.
- Gevoel van aanraking word ontwikkel.
- Bied geleenthede vir fantasiespel.
- Fyn motoriese spiere word ontwikkel.
- Saamspeel ontwikkel sosiale vaardighede.
- Verhoog die kind se aandagspan. (10 × 1) (10)

4.2
- The sandput/houer moet groot genoeg wees sodat ‘n groep kinders gemaklik daarin kan speel.
- Die sandput moet ‘n sterk bedekking hê.
- Die sand moet gereeld gesteriliseer word.
- Al die toerusting moet sterk en duursaam wees.
- Al die toerusting moet maklik wees om skoon te maak en te stoor.
- Gereedskap vir spit moet nie skerp punte hê nie.
- Plastiekttoerusting is verkieslik. Metaal kan roes en raak warm in die son.
- Houers vir berging moet gate hê sodat sand kan deurval.
- Geen gebreekte gereedskap moet in die sandput toegelaat word nie.
- Beplan gereeld stimulerende aktiwiteite. (10)

4.3 Katte; honde; voëls; visse; hamsters (4)

4.4
- Kinders neem verantwoordelikheid vir die troeteldiere. Hulle leer wat dit behels om troeteldiere te kies en te versorg.
- Neem die kinders se liefde vir en betrokkenheid by troeteldiere as ‘n geleentheid vir bespreking.
- Musiekkringe – opnames van die verskillende troeteldieregeluide kan gebruik word om tussen klank en stilte te onderskei.
- Bewegingskring – kinders maak of hulle honde is. Terwyl ‘n paar honde-opdragte uitgeroep word (haal, sit, lê, rol om, blaf, vra, kom, ens.) voer die kinders die aksies uit.
- Speeldeeg word in klein balletjies gerol en bruin geverf vir troeteldierkos. Kinders gebruik die kammakos in die troeteldierwinkel en in hulle fantasiespel met die speelgoedhonde en -katte.
- Konstruksiespel – kinders maak hondehokke met kartonbokse. Hulle werk saam met ander om die hokke te maak, te besluit hoe dit sal lyk, waar die deur sal wees, en watter materiale gebruik sal word om die hok te versier. (Enige 5 × 2) (10)

4.5
- Wolcollage – Verskaf verskillende kleure en lengtes wol. Verduidelik dat wol van skape kom. Hulle kan pragtige collages maak deur die wol op papier te plak.
- Old MacDonald – Met hierdie tema word trekkers en klein plastiese diere met ‘n plaastema ook in die blokkies-area geplaas.
- Wie is ek? – Sorg vir ‘n verskeidenheid opgestopte plaasdiere of plaasprodukte in ‘n sak of boks. Sit jou hand in die sak of boks en gee vir die kinders wenke oor watter soort dier of produk dit is. Die kinders raai wat die dier of item is.
- Musiek en beweging – Sing Old MacDonald met die kinders. Kinders beeld die dier uit waaroor jy sing, en jy moedig hulle aan om die dieregeluid te maak. (Enige 3 × 2) (6)

4.6
- Verseker veiligheid in die voertuig. Kinders moet in die voertuig sit en nie hulle koppe en hande by die vensters uitsteek nie.
- Moedig kinders aan om die omgewing waar te neem tydens die rit na die diereplaas.
- By aankoms op die diereplaas moet die kinders in groepe bly saam met ‘n volwassene. Gebruik bande van verskillende kleure om die groepe uit te ken/te verdeel.
- Moedig kinders aan om oor hulle waarnemings te praat, en vrae te vra.
- Luister na wat hulle sê en beantwoord hulle vrae.
- Neem tyd om met die kinders te praat oor dit wat hulle sien.
- Moedig kinders aan om waar te neem deur dinge uit te wys wat hulle moontlik nie raaksien nie.
- Maak seker dat die kinders rus, eet, en die toilet gereeld besoek.
- Maak seker dat seep, water en papierhanddoeke beskikbaar is.
- Maak seker dat elke volwassene by haar groep bly. (10 × 1) (10)

[50]

VRAAG 5

5.1
- Maak seker dat jy by die afspraaktyd bly.
- Laat die ouers welkom voel en probeer om hulle te laat ontspan. Wees te alle tye beleefd en professioneel.
- Maak seker dat jy nie gesteur gaan word nie.
- Gee ‘n duidelike en eenvoudige verduideliking van die kind se vordering. Moenie vakterminologie gebruik nie.
- Moenie die ouers oordonder of hulle probeer intimideer nie. Probeer om ‘n goeie verhouding op te bou.
- Wees eerlik en hou die ouers se gevoelens in gedagte.
- Bied aan ouers die geleentheid om te praat/vrae te vra.
- Luister aandagtig na wat die ouers sê en wees taktvol.
- Wees positief en gee advies slegs as daarvoor gevra word.
- Wys voorbeelde van die kind se werk en moenie ander kinders met die ouers bespreek om vordering te vergelyk nie. (10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

5.2
- Die weerkaart help om bewustheid en begrip ten opsigte van die konsep van verandering, sowel as die bespreking daarvan, te genereer, byvoorbeeld die dag-tot-dag-veranderinge in die weer.
- Dit kan as ‘n onderwyshulpbron gebruik word, en toon deur middel van praktiese toepassings die waarde van wetenskaplike kennis.
- Dit leer kinders van meting en van die toerusting wat gebruik word om veranderinge in die weer te meet en te beskryf.
- Dit help kinders verstaan hoe wetenskaplikes inligting gebruik.
- Dit bied geleenthede vir interaksie tussen mense in die weerkantoor (meteoroloë) en educarers en kinders. (5 × 2) (10)

5.3
- Fisies – Fisiese fiksheid behels eenvoudige strek-, buig-, draai- en ander liggaamsbewegings.
- Emosioneel – Kinders se welsyn kan baie verbeter word as hulle eenvoudige bewegingsaktiwiteite gegee word.
- Verbeeldingryke aktiwiteite, byvoorbeeld om soos ‘n beer of ander diere te loop, kan bewegings wat deur die kind geskep word aanmoedig.
- Probleemoplossings- of kognitiewe vaardighede soos tel, kleuridentifikasie, of om die name van liggaamsdele te leer, word deur sulke aktiwiteite gestimuleer.
- Samewerkende speletjies en aktiwiteite help kinders om te leer om saam te werk en saam te speel, eerder as om altyd te kompeteer. Een voorbeeld van so ‘n speletjie is 'Strandbal-balans', waar twee of meer kinders die strandbal tussen hulle moet hou sonder om hulle hande te gebruik. (5 × 2) (10)

5.4 Kruip; Loop; Hardloop; Spring; Klim; Galop (5)

5.5
- Die bewegingskring moet beplan word volgens die beskikbare apparaat/toerusting. Die educarer kan improviseer waar nodig.
- Die apparaat/toerusting moet weg van mekaar gespasieer word om veiligheid te verseker.
- Die apparaat/toerusting moet geskik wees vir 3-jariges.
- Die apparaat/toerusting moet op die gras geplaas word sodat dit as ‘n kussing te dien ingeval die kind val.
- Die apparaat/toerusting moet goed gebalanseerd wees en nie maklik omval nie.
- Die apparaat/toerusting moet gespasieer wees sodat toesig moontlik is.

(Enige 5 × 1) (5)

5.6
- Wees objektief – neem die gedrag van die kind waar, en nie die kind nie.
- Hou in gedagte dat alle kinders verskil. Moenie kinders met mekaar vergelyk nie.
- Vergelyk die vordering van elke kind oor ‘n tydperk. Vergelyk die kinders se fisiese vordering gereeld.
- Neem die deelname van kinders in groepe waar. Let op wie deelneem en wie nie.
- Neem waar of die kinders reëls en instruksies kan nakom. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 6

6.1
- Verhoog groot motoriese en fyn motoriese vaardighede en help om spiertonus in die hande en arms te ontwikkel.
- Ontwikkel ‘n sin vir maatslag en ritme.
- Versterk hand-oogkoördinasie.
- Moedig verbeeldingspel en storievertel deur middel van klankeffekte aan.
- Verhoog luister- (en dus lees-) vaardighede.
- Versterk en beklemtoon selfdissipline en selfbeheersing.
- Verhoog die begrip van musieknotasie (in sy eenvoudigste vorm), dinamika, en musikale vorm.
- Ontwikkel patroonvaardighede en leer die basiese wiskundige konsepte van sekwense skep, numeriese volgorde, vooruit en agteruit tel, en optel/aftrek (vir gevorderde studente).
- Ontwikkel begrip vir waar klank vandaan kom en hoe dit verander (volgens die instrument wat bespeel word).
- Ontwikkel ‘n gevoel van spanwerk en sosiale vaardighede, byvoorbeeld om te deel en beurte te neem.
- Ontwikkel ‘n gevoel van kulturele bewustheid. (Enige 10 × 1) (10)

6.2
- Gebruik die heel-liedjie-metode. Dit beteken dat die melodie en die woorde van die liedjie gelyktydig geleer word.
- Sing die liedjie as geheel.
- Herhaal die liedjie van begin tot einde en sluit aksies in.
- Herhaal die liedjie en moedig kinders aan om saam te sing.
- Moenie die liedjie te veel kere tydens een kringtyd herhaal nie.
- Sing die liedjie by verskillende geleenthede vir die volgende paar dae.
- Die kinders sal saam sing.
- Herhaal die liedjie met slaginstrumente.
- Hou aan om die liedjie te sing en maak ‘n liedjieplakkaat wat vertoon word.
- Praat oor die liedjie maar vermy lang verduidelikings oor die woorde en inhoud. (10 × 1) (10)

6.3
- Kinders moet nooit sonder toesig gelaat word nie.
- Reëls geld steeds, byvoorbeeld dat kinders nie binne mag hardloop nie.
- Verwyder soveel meubels moontlik om meer ruimte te skep.
- Verskaf apparaat, soos ballonne, wat beheer verg deur die kinders.
- Hoe meer kinders daar is, hoe meer beplanning en beheer is nodig.
- Sit kleiner apparate soos ‘beanbags’, kegels en blikkies neer.
- Gebruik tafels en stoele in ‘n hindernisbaan. (Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

6.4
- Oefeninge wat te lank is, is nie aangenaam nie – kinders verloor belangstelling weens beperkte konsentrasievermoë.
- Gereelde oefenprogramme word verwaarloos.
- Minder vry speeltyd is beskikbaar.
- Onderwysers is moeg en gespanne.
- Hoë eise word aan kinders gestel en kinders voel ontoereikend.
- Kinders voel gespanne en negatief.
- Kinders mag verveeld raak met die herhaling en belangstelling verloor.
- Skaam kinders word gedwing om deel te neem en ontwikkel ‘n laer selfbeeld.
- Konserte word te ernstig opgeneem; hulle moet in gedagte hou dat dit net ‘n pretgeleentheid behoort te wees.
- Skole in die area kompeteer dikwels met mekaar vir die beste konsert, kostuums, ensovoorts wat tot verdere stres by ouers, kinders en onderwysers lei.

(Enige 5 × 2) (10)

6.5
- Aan die begin van die skooljaar woon ouers die terug-skooltoe-geleenthede of ander oriënteringsgeleenthede by.
- Leer die onderwysers/educarers en ander skoolpersoneellede ken. Luister na ouers se planne, weet wat hulle wil bereik met hulle kinders, en verstaan waarom hulle hierdie doelwitte gekies het.
- Woon skoolgeleenthede by – sportgeleenthede en konserte, kinderuitstallings, ouer-onderwyservergaderings, oueraande.
- Leer wat die skool aanbied – ouers praat met ander ouers om uit te vind watter programme die voorskool aanbied. Daar is moontlik aktiwiteite ná die normale voorskoolprogram. Ouers moet op hoogte bly van geleenthede deur die jaar.
- Woon ouervergaderings by – ouers ontmoet gereeld om oor die voorskool te praat. Die vergaderings bied aan ouers ‘n goeie geleentheid om met ander ouers te praat en saam te werk om die voorskool te verbeter, sowel as hulle besorgdheid oor die kind en die voorskool te opper. Ouers kan help om ouer-onderwyser/educarer-vergaderings te reël rondom hulle en ander ouers se belange. Indien ouers nie die vergaderings kan bywoon nie, kan hulle die notules van hierdie vergaderings lees. Hierdie notules is beskikbaar op die voorskool se webblad en/of die ouerbulletinbord.
- Wees ‘n vrywilliger by die voorskool – indien ouers die tyd het kan hulle help by die voorskool. Die voorskool kan lyste uitstuur met maniere waarop ouers betrokke kan raak. Die voorskool het dikwels vrywilligers nodig wat kan:

    - Help met uitstappies.
    - Dien op die voorskoolkomitees of adviesrade as ‘n ouerverteenwoordiger.
    - Help met projekte soos om die redakteur van die voorskoolnuusbrief te wees.
    - Help in sy/haar kind se groep, in die voorskoolbiblioteek of in die skoolkantoor.
    - Kos maak vir ‘n voorskoolgeleentheid.
    - Werk by ‘n ouerhulpbronsentrum of help om een te begin.

(Enige 5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou